**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 NOVEMBER 2021 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. RL Laubscher | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)(sluit aan om 14:05)* |
| Mnr. D Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**RVN035/11/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal, waarna Raadslid Adams die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die publiek wat die Raadsvergadering op die "YouTube" platform waarneem.

***

**RVN036/11/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**RVN037/11/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN038/11/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 OKTOBER 2021, DONDERDAG 11 NOVEMBER 2021 EN DINSDAG 16 NOVEMBER 2021**
**3/3/2/2**
***(Die notules soos elektronies apart versprei word ter tafel gelê – Aanhangsel A)***

Die Voorsitter hou die notules voor vir goedkeuring.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 19 Oktober 2021; en
2. Dat die notules van die vorige vergaderings soos gehou op Donderdag 11 November 2021 en Dinsdag 16 November 2021, verwys word na die Raadsvergadering, soos geskeduleer vir 09 Desember 2021 vir bekragtiging.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN039/11/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 OKTOBER 2021, DONDERDAG 11 NOVEMBER 2021 EN DINSDAG 16 NOVEMBER 2021**
**3/3/2/2**
***(Die gewysigde verslag soos elektronies apart versprei word ter tafel gelê – Aanhangsel B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 19 Oktober 2021; en

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

2. Dat die Implementeringsverslae van die vorige vergaderings, soos gehou op Donderdag 11 November 2021 en Dinsdag 16 November 2021 verwys word na die Raadsvergadering, soos geskeduleer vir 09 Desember 2021, ter kennisname.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN040/11/2021**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN041/11/2021**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededelings:</u>

<u>LIEF</u>

1. Dat Raadslid Adams op Sondag 21 November 2021 verjaar het;
2. Dat Raadslid Moolman op Donderdag 02 Desember 2021 verjaar; en
3. Dat mev. A van Sittert op Sondag 28 November 2021 verjaar het.

<u>LEED</u>

1. Dat me. L Klaase se vader oorlede is; en
2. Dat me. T le Fleur, werknemer van Bergrivier Munisipaliteit vir 39 jaar, oorlede is. Hy meld verder dat 'n gedenkdiens vir me T le Fleur op Woensdag 01 Desember 2021 om 12:00 in die Biblioteeksaal te Piketberg sal plaasvind. Hy wens die familie asook kollegas sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

Die Voorsitter versoek 'n oomblik van stilte ter nagedagtenis aan die afgestorwenes.

Die Voorsitter versoek dat alle Raadslede by die reëls hou en indien hul enige probleme ondervind hul met die Speaker in verbinding tree. Hy versoek verder dat enige navrae met betrekking tot die " tools of trade" aan die personeel van die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester gerig word.

Almal teenwoordig in die vergadering onderteken 'n plakkaat ter ondersteuning van die geveg teen Geslagsgebaseerde geweld.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Die Munisipale Bestuurder bedank alle rolspelers vir hul bydrae tot die 6de skoon oudit wat Bergrivier Munisipaliteit ontvang het.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:</u>

Die Uitvoerende Burgemeester meld van die sterftes in Porterville en wens die bedroefde families alle sterkte toe in hierdie hartseer en moeilike tyd.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN042/11/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN043/11/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN044/11/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TOEGANG TOT LEXIS NEXIS WEBTUISTE**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat alle Raadslede toegang tot die Lexis Nexis webtuiste ontvang het, soos versoek.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN045/11/2021**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: KOMMUNIKASIEBELEID**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder gee 'n breedvoerige verduideliking van die interne sowel as die eksterne kommunikasie.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat alle Raadslede hul vergewis van die inhoud van die kommunikasiebeleid.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN046/11/2021**
**OORWEGING VAN ESTETIESE REËLS VAN TOEPASSING OP RESIDENSIËLE EIENDOMME IN PORT OWEN**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word en aan die Stadsbeplanning-afdeling voorsien word vir kommentaar; en
2. Dat die verslag in Januarie 2022 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WND) (JANUARIE 2022)***

***

**RVN047/11/2021**
**HERSIENING VAN MAKRO ORGANOGRAM**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die huidige organisasiestruktuur binne 12 maande na die verkiesing hersien word;

2. Dat die volgende nagestreef word met die ontwerp van die organisasie struktuur:

   2.1 Samevoeging van funksies wat bymekaar hoort om oorvleueling en duplisering uit te skakel of te beperk;

   2.2 Spanwydte van beheer te kontroleer strukture word nie om mense gebou nie, want mense kom en gaan en die struktuur moet onafhanklik van individue staan;

   2.3 Bekostigbaarheid;

   2.4 Volhoubaarheid;

   2.5 Werksprosesse volg strukture en nie omgekeerd;

   2.6 Produktiwiteit, ten volle aanwending van personeel; en

3. Dat die onderstaande organisatoriese eenhede in die makrostruktuur behou word:

   3.1 Kantoor van die Munisipale Bestuurder

   3.2 Direktoraat Finansiële Dienste

   3.3 Direktoraat Gemeenskapsdienste

   3.4 Direktoraat Korporatiewe Dienste

   3.5 Direktoraat Tegniese Dienste

4. Dat die Raad die funksies van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder en onderskeie Direktorate, soos vervat in hierdie item, in beginsel goedkeur, onderhewig aan verandering tydens die hersieningsproses;

5. Dat die Raad kennis neem van die tydskedule en gepaardgaande prosesse vir die hersiening van die organisasiestruktuur, soos vervat in subregulasie 6 van die Munisipale Personeelregulasies, Regulasie 890 van 20 September 2021 (aangeheg as **Bylae 1**);

6. Dat die Raad kennis neem van die konsep implementeringsplan vir die herstruktureringsproses (aangeheg as **Bylae 2**); en

7. Dat daar in die volgende hersiene begroting voorsiening gemaak word vir die aanstel van ‘n diensverskaffer vir vir fasilitering van die prosesse soos vervat in die prosesplan.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**RVN048/11/2021**
**MUNICIPAL DEMARCATION BOARD CIRCULAR 2 OF 2021: MUNICIPAL REDETERMINATION PROCESS FROM 2021 TO 2023**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council take note of the content of Circular 2 of 2021 from the Municipal Demarcation Board; and
2. That the Head: Communications be requested to inform the public accordingly.

***HOOF: KOMMUNIKASIE***

***

**RVN049/11/2021**
**"PROJECT GREEN LIGHT"**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN050/11/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN051/11/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN052/11/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 15:05, waarna die vergadering In-Komitee voortgaan tussen die Munisipale Bestuurder en Raadslede.***

**RVN053/11/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: AANSTELLING VAN DIE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE**
**3/2/1/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council takes note of the content of the Selection Report and the recommendations of the Selection Panel;
2. That Council approves the recruitment and selection process, the Long List, Short List and Screening Report;
3. That Council notes that Mr. VW Felton qualifies at an advanced to superior level for appointment as Director Technical Services;
4. That should this candidate not accept the offer of employment, the Municipal Manager be authorized to re-advertise the position;
5. That the contract of employment and the all-inclusive remuneration package offered to Mr. VW Felton be as approved by Council for Directors as RVN029/05/2021 on 25 May 2021;

***MUNISIPALE BESTUURDER***

6. That it be noted that, within 14 days of Council Decision, a written report including all necessary documents be submitted by the Municipal Manager to the MEC for local government in the Western Cape regarding the appointment process and outcome (before 14 December 2021); and
7. That the Consultant, as a matter of courtesy and legal requirement, inform the unsuccessful candidates formally in writing of the outcome of the selection process, and thank them for their application and participation in the process.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN054/11/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:05***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ____________________ | ________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |